Oordenking
23 September 2009

Julle is die lig van die wêreld!

Ons almal weet wat gebeur in die donker: Jy struikel en val rond, want jy weet nie waarheen jy gaan nie of waar jy is nie. Jy het lig nodig. Dit is die situasie van mense wat Jesus nie volg nie. Hulle val rond in die donker en maak hulle self en ander seer. Duisternis kan baie gevaarlik wees. Wat ons sonde-verduisterde wêreld dringend nodig het, is lig.

Eendag het Jesus vir 'n groepie mense van wie ons dit dalk nie sou verwag nie, vissers, tollenaars, en ander sonder aansien, gesê: "Julle is die lig vir die wêreld".
Mat 5: 4 – 16: "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

Jesus spreek sy besorgdheid oor alle mense uit. Hy sê vir die Kerk, vir God se mense, dat hulle die lig vir die "wêreld" moet wees. Hulle moet skyn vir "almal in die huis". Hulle moet hulle lig laat skyn "voor die mense". Jesus wil hê dat sy volgelinge gebruik moet word om die hele wêreld uit die duisternis na die Lig toe te lei.

Ons weet almal dat die kleinste liggie die duisternis kan verdryf. In totale donkerte kan dit 30 km ver gesien word as selfs net 'n vuurhoutjie getrek word. En as lig nie skyn nie, is dit nie die duisternis se skuld nie. Donkerte kan lig nie uitdoof nie. Selfs al is dit pikdonker, is dit steeds nie moontlik vir die donkerte om die lig van 'n enkele kers uit te doof nie. ***Dit is eerder waar dat duisternis toeneem, omdat die lig besig is om dood te gaan;*** omdat die lig al swakker skyn. Daar bestaan nie so iets soos geheime dissipelskap nie, want die feit dat dit 'n geheim is vernietig die dissipelskap, of die dissipelskap vernietig die geheim. 'n Mens se verhouding met Christus behoort geheel en al sigbaar te wees vir almal.

Ek wil jou vandag uitdaag. As 'n Christen, en as 'n huishouding, wil ek jou uitdaag om iemand te vind wat nie 'n Christen is nie. Dalk iemand in jou eie familie, of by die werk, of 'n buurman, of 'n vriend of kennis. Kies 'n ongelowige en, as volgeling van Jesus, gee baie liefde en aandag aan so iemand, die liefde van die Here, en laat die lig van Christus so toe om deur jou te skyn. Word die lig in iemand se donkerte!

Jesus kombineer die lig daarmee om "goeie werke" te doen. Ongelowiges vind ons verhouding met God geloofwaardig as ons met dade van liefde uitreik na hulle toe. As ons na iemand toe gaan wat siek is, of hartseer, of bekommerd, of in een of ander moeilikheid, en vir hulle lief is en hulle ondersteun, word ons geloofwaardig as volgelinge van Jesus. As hulle sien wat 'n verskil die liefde van God maak, wil hulle ook deel word van ons kring, van die Christen-familie. Om die lig van die wêreld te wees, beteken om mense uit die duisternis te bring na die Lig toe, omdat die lig van Jesus deur ons skyn.

"Vader, deur die krag van u Gees, salf ons getuienis, ons lewe en die bediening van ons gemeente, sodat ons die lig kan wees wat hulle help wat deur die donkerte van die wêreld seergemaak is, omdat hulle sonder Jesus gestruikel het. Amen."